Weekbrief 04/2019

1 Februarie 2019

GESTIG 1870

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

INTER-ATLETIEKBYEENKOMS

Met opgewondenheid maak ons gereed om ons "titel" te verdedig tydens ons 6de Inter-Atletiekbyeenkoms tussen HSP, HS + LS Dirkie Uys, HS Piketberg en HS Hopefield. Die groot dag sal plaasvind op **Dinsdag, 5 Februarie** vanaf **14:30-20:30**. Die byeenkoms vind byval en staan sy skoene vol. Mededinging met 'n gesonde kompetisiegees heers reeds by die geleentheid. Die formaat bly behoue: geselekteerde items deur die betrokke skole bepaal, is in die program ingesluit. Hierdie items sal slegs vir ouderdomsgroepe 0.9, 0.11, 0.13, 0.15, 0.17 en 0.19 plaasvind. Die Wenskool van die dag sal aangewys word, maar ons strewe is om 'n informele en gemaklike styl met die byeenkoms te handhaaf. Ons wil deurentyd goeie verhoudings bou en dit nie versuur deur 'n gedagte van wen ten alle koste nie, tog neem alle atlete deel om sy of haar beste te lewer. Hierdie dag bly dus 'n gulde geleentheid vir atlete wat nie altyd die kans kry om teen ander skole deel te neem nie.

AANLYNAANSOEKE

Die WKOD implimenteer vanjaar 'n aanlyn aansoekstelsel. Aansoeke open 15 Februarie. Hou die weekbrief dop vir 'n volledige verduideliking van die proses wat gevolg moet word. Die skool sal hulp verleen aan ouers wat die aanlynroete volg.



Wes-Kaapse Regering

Belangrike datums wat onthou moet word wanneer jy by 'n skool aansoek doen vir 'n plek vir jou kind in 2020

Vrae wat dikwels gevra word

1 Hoe skryf ek my kind in by 'n skool van my keuse? 'n Paar punte wat in gedagte gehou moet word.

- Doen vroeg aansoek. Moenie tot die laaste dag wag nie.
- Doen by meer as een skool aansoek.
- Ken die wet/gaan deur die skool se Toelatingsbeleid.

2 Wat is die toelatingsouderdom vir graad 1?

Verpligtende skoolgaande ouderdom (graad 1) is 7 jaar in die jaar waarop die kind in graad 1 is.
Toelating tot Graad R is 6 jaar oud in die jaar wanneer die kind in Graad R ingeskryf word.

3 Watter dokumente is nodig om 'n kind by 'n openbare skool te registreer?

- Geboortesertifikaat.
- Inentingskaart.
- 'n Oorplasingskaart/-brief.
- Laaste skoolrapport vir leerders wat reeds skoolgaan.
- 'n Studiepermit wat deur Binnelandse Sake vir buitelandse leerders uitgereik is.

'n Kind kan voorwaardelik geregistreer word indien hierdie dokumente nie beskikbaar is nie. Die ouer moet redelike tyd gegun word om dit in te dien.

4 Is dit belangrik om vir graad R in te skryf?

Ja. Vroeë kinderontwikkeling help leerders om later in hul skoolloopbane beter by te hou.

5 Kan 'n kind toelating geweier word as hy of sy nie in die skool se voedersone bly nie?

Die WKOD het geen voedersones/-areas verklaar nie.

6 Kan skole 'n nieterugbetaalbare deposito vra voordat 'n leerder aanvaar word?

Nee. Skole mag geen gelde vra voordat 'n leerder aanvaar word nie.

7 Waar doen ouers aansoek?

Ouers kan aansoek doen by ten minste drie skole (insluitende hul naaste skool). Ouers kan aansoek doen by skole of aanlyn by **wcedonline.westerncape.gov.za.** (Ondersteunende dokumentasie kan deur die skole versoek word wanneer u aanlyn aansoek doen.)